# 150 *Ons doen ons bes*

## (Matteus 9:37, 38)

1. Jehovah weet wat vreugde gee,
   Hoe ons ons tyd goed kan bestee.
   Hy gee ons nou die beste werk,
   En hy sal ons daarvoor versterk.

(*REFREIN*)

*Ons werk hard, doen ons bes,*
*vir Jehovah God.*
*Ons sal heelhartig dien, hulp voorsien,*
*dit gee ons genot.*

2. Daar's baie werk in elke land,
   En elkeen bring getrou sy kant.
   As ons kan dien, dan is ons daar,
   Want ons gee om, ons help mekaar.

(*Refrein*)

3. Ook waar ons woon, dien ons getrou.
   Ons leer 'n taal, ons preek, ons bou.
   Die goeie nuus wil ons versprei,
   Want mense moet die boodskap kry.

(*Refrein*)

(Sien ook Joh. 4:35; Hand. 2:8; Rom. 10:14.)

*snylpnw*-AF Nr. 150 12/15
© 2015 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania